Paddavissie word groot – Giuliano Ferri

Deel I



Dis vroeg-lente. In 'n koel, blou poel lê Mamma Padda trots stringe ronde eiers. Die eiertjies dryf só naby aan mekaar dat hulle soos 'n groot druiwetros lyk. Elke dag kom kyk Mamma Padda of haar kleintjies al uitgebroei het.

In 'n koeëlronde eiertjie lê klein Paddavissie. Met groot ogies kyk hy deur die helder eiertjie na buite. Paddavissie wikkel sy lyfie in sy eiertjie. Hop, hop, hop skud die eiertjie. Skielik bars die eiertjie oop. Hoera! Paddavissie is vry!

Paddavissie kyk verbaas om hom rond. Hy sien honderde ander paddavissies wat om hom swem. Boeties! Sussies! Hulle wikkel hul stertjies in alle rigtings. Hulle swem vrolik heen en weer. Paddavissie lag gelukkig. Hy swiep sy stertjie van lekkerte, "Oe! Hoe wonderlik!" dink Paddavissie en kyk opgewonde na sy nuwe wêreld.

Elke dag word Paddavissie 'n bietjie groter. Hy swem al vinniger en vinniger. Sy stertjie woer deur die water. Paddavissie swem maklik weg vir al die ander paddavissies!

Mamma Padda sit op 'n groot lelieblaar en kyk trots na hulle speletjies. Die poel waarin hulle bly, is baie mooi. Die paddavissies jaag resies en duik en tol en speel bal met sade wat in die water geval het.

Paddavissie is trots op sy sterk stertjie. Hy blits deur die water. Swiesh-swiesh! swiep sy stertjie.

Paddavissie gebruik sy stertjie vir baie dinge. Boem! slaan hy 'n nare slak weg toe dié hom wil seermaak. Zoeps! swem hy vinnig weg van 'n gemene bullebak. Paddavissie dink sy lewe is wonderlik. Hy het nooit kon dink dat dinge ooit sal verander nie…………

*Hierdie is die eerste deel van die storie. Volgende keer lees ons verder.*

  